

# PAASTYD 2020



## tema: **Boodskap in die sterre** (Derde Sondag van Paastyd) teks: **1 Petrus 1:17-23**



*"As God dan werklik bestaan, hoekom bewys Hy dit dan nie vir ons op 'n duidelike objektiewe manier nie? Hoekom los Hy ons met soveel vrae en onsekerheid oor sy bestaan?"* Op een of ander stadium op ons geloofspad vra ons almal soortgelyke vrae. Diep binne ons - gelowiges, ongelowiges en twyfelaars - wil ons tog by tye hê dat God Homself op 'n konkrete manier vir ons moet wys. Ek wonder soms wat sal gebeur as God juis dit sou doen! Wat sal gebeur as God Homself nou hiër bekendmaak in ons tyd op 'n dramatiese onweerlegbare wyse? Dalk byvoorbeeld deur iets kosmies te doen soos om die sterre van die Melkweg te neem, en dit te herrangskik sodat wanneer jy een aand buitentoe stap die sterre nie meer net 'n wit rivier vorm nie, maar jy duidelik woorde kan onderskei in die sterre – woorde wat sê: "Ek, die God van liefde, bestaan..." geskryf in verskillende tale.

In alle eerlikheid: hoe meer ek hieroor dink, hoe meer besef ek dit gaan ons dalk glad nie help as God vir Homself boodskappe in die sterre skryf nie. Ek dink ons is opsoek na baie meer as objektiewe bewyse van God; ons ware soeke is die

ervaring van sy teenwoordigheid. Dit is die wonderwerk waarna ons soek, en ek glo dit is ook die wonderwerk wat God vir ons gee.

Ek dink ons weet soveel meer van God as wat ons eintlik wil erken aan mekaar. Sonder om soetsappig te klink: God praat baie meer met ons as wat ons besef, of kies om te besef. Elke dag voor die son sak, praat God met ons op 'n intense persoonlike manier. Sy boodskap is nie geskryf in die pienk wolke soos die son verdwyn nie; sy boodskap is breedvoerig geskryf in die alledaagse *helter skelter* en eenvoudige gebeure waarmee ons onself besig gehou het - 'n boodskap wat wel 'n groot verskil maak... Wie weet God wat vandag vir jou en vir my gaan sê? Of watter oomblik God gaan kies om dit te sê? Dit is deel van die misterie van die lewe.

Maar ek glo ook daar is sekere goed wat God die heelyd vir ons almal sê. Elkeen van ons dra binne ons 'n sekere tipe leegheid - 'n gevoel dat iets ontbreek; 'n rusteloosheid... Sielkundiges noem dit soms ang, teoloë noem dit vervreemding, Petrus praat van 'n gevoel van vreemdelingskap in ons, maar watookal jy dit noem: ek twyfel of daar iemand is wat dit nie ervaar nie.

Hierdie onvoltooidheid is deel van ons almal se wêreld, en ek glo dit opsigself is 'n woord van God; dit is die geluid van God se stem in 'n wêreld wat aanhoudend probeer om Hom weg te redeneer: *"God speaks to us most clearly through his silence, his absence, so that we know Him best through missing Him"* Frederick Buechner. Soms wanneer ons alleen is, hardloop daar net 'n klomp los gedagtes in ons kop rond soos 'n swerm bye

van nêrens af, né? Sommige is vernietigend, lelik, donker; sommige is kreatief en vol lewe. Watter gedagtes versorg en koester ons, waarop reageer ons in die mate waarin ons 'n keuse het oor ons gedagtes... (soos wat Jesus gehad het met sy versoeking in die woestyn)?

**Eenvoudig gestel:** Gaan ons vandag sterk, braaf wees, of gaan ons 'n lafaard wees? Gaan ek eerlik wees – so eerlik as dit vir my moontlik is, of gaan ek vals wees? Gaan ek 'n brugbouer wees, of 'n slagoffer...? Gaan ons 'n vriend wees, of soos koud soos ys... want dit is wat tel!

Petrus stel dit so treffend in vers 17-21 wat as geheel een sin in Grieks vorm: “God is julle Vader wat julle in Christus losgekoop het uit 'n sinlose bestaan waar julle voel soos muise wat op 'n wielietjie hardloop...” en dan v22 die opdrag: “Daarom, omdat julle geliefd is, lééf liefde: wees gehoorsaam, wees braaf, wees eerlik, wees genadig, gee my skape kos, vreugde vrede geduld, goedhartigheid... volhard op hierdie pad...” Ons leef vanuit die opstanding.

Petrus skryf hierdie brief vir 'n verstote geloofsgemeenskap wat begin wonder het oor hul plek in die samelewing, en of dit regtig die moeite werd is om uitverkoop te wees aan Christus. Hy kom gee vir hulle nuwe hoop vanuit hul roeping: Julle is vreemdelinge ja... Maar julle is positief wanaangepas; nie negatief wanaangepas nie. Bedoelende, daar is sekere goed wat altyd vreemd en onaanvaarbaar gaan voel vir Christene op grond van God se liefde wat ons vorm: *“There are some things in our world to which men and women of goodwill must be maladjusted. I confess that I never intend to become adjusted to the evils of segregation and the crippling effects of discrimination, to economic conditions that deprive people of work and food, and to the insanities of militarism and the self-defeating effects of physical violence”* Martin Luther King Jr.

Ja, neem die tye waarin ons leef ernstig op... Ja, en weet dat ons wêreld onder andere lyk soos dit lyk agv die goeie en slegte besluite van ons tyd. Ja en jy mag maar voel jy wil by tye flou val van vrees vir wat voorlê asook oorweldig word deur onsekerheid en die misterie van die God wat ons aanbid... En tog, rus in God. Weet dat die Here naby is. In Fillipense (heel waarskynlik een van Paulus se laaste briewe) skryf hy: **“Die Here is naby.”**

Hierdie woorde van God is die ware wonderwerke van die lewe. Dit is nie wonderwerke wat geloof skep soos wat ons dink geloof geskep sal word wanneer 'n boodskap in die sterre verskyn nie. Nee, dit is die wonderwerke wat 'n ander tipe geloof vra.

Geloof in die sin van:

...om jou kop te kan optel wanneer almal se koppe sak,  
...openheid om te hoor en om te wag,  
...gewilligheid om te luister en met liefde te reageer (v22: liefde vanuit die hart sonder bybedoelings - opregte en ongeveins),  
...gewilligheid om op die uitkyk te wees vir die oorweldigende teenwoordigheid van God hier midde in sy wêreld.

**Nuwe mense doen nuwe dinge!** Nuwe mense doen eintlik ondenkbare dinge. Ons word dan wie ons is. Die woord doen wat dit sê. Daar is 'n punt in 'n huwelikseremonie waar die predikant sal sê: “Hiermee verklaar ek nou dat julle nou man en vrou is – julle is nou getroud!” - 'n kragtige oomblik wat bepaal hoe hierdie twee mense nou gaan leef; hulle gaan leef as getroudes! Petrus sê: Hiermee verklaar ek nou dat julle kinders van God is, duur gekoop met Christus se bloed!” Die Woord doen wat dit sê: Daarom gaan leef nou anders: as mense wat mekaar van harte en vurig liefhet. Dit is die **wonderwerk** wat God se teenwoordigheid sigbaar maak oral in sy wêreld.

#### 'n Paar vrae vir nadenke:

- As jy een vraag vir God kon vra, wat sou dit wees? Wat is jou diepste honger?
- Lees weer v17-21. Wat sê dit vir jou oor jou identiteit?
- Lees weer die aanhaling van Martin L King Jr. Hoe is dit van toepassing in 'n Covid-19 wêreld? Wat is die implikasies daarvan vir hoe jy jou roeping uitleef?
- Waar het jy onlangs beleef dat die Here naby is? Wanneer voel jy ver van God?
- Gaan lees gerus weer *Sheila Cussons* se gebed: **My dank na die mis** ([klik hier om dit aanlyn te lees](#)).